

vir groei ... vir ontwikkeling ... vir vorming ...

'n **METwaartse** oogmerk

Die Mosaïek-gemeenskap toon 'n sterk leerkultuur: 'n kultuur wat eie is aan ons, om aan te hou groei en vooruit te beweeg. Ons dink dat hierdie geskenk met die verantwoordelikheid gepaard gaan om ander op te voed, en ons hoop om in 2012 'n verbandhoudende inisiatief te loods.

In 2011 kon daar deur *Invest* die volgende vermag word:

- die Mosaïek Akademie het 'n bedieningsvennoot gevind in die Suid-Afrikaanse Teologiese Seminarium, wat erkenning bied vir modules, en die behaling van 'n B.Th-graad moontlik maak.
- toerusting wat die opleidingsinisiatiewe in die gemeente kan bevorder is aangekoop.

Vir die toekoms wonder ons hoe dit kan lyk as –

- die eerste jaar van die Mosaïek Akademie met sy ses modules afskop, en studente geïnspireer en toegerus kan word;
- 'n hulpbronsentrum daargestel kan word wat groei ondersteun en begelei; of
- mense begelei kan word na werksgereedheid.

Kennis en groei loop hand aan hand. Ons het nie ál die antwoorde nie, maar ons wil 'n gemeente wees waar almal passievol is om vrae te vra en antwoorde te soek.

groei

mosaïek

invest

Ons wil INVEST in sy droom vir ons ...

vir die gees ... vir heelword ... vir die *journey* ...

'n **OPwaartse** oogmerk

Ons wil dieper gaan ... Ons ondersoek deurlopend maniere en spasies waarop ons op ons geestes*journey* begelei kan word en kan groei. Eenkantkom is 'n fundamentele deel van 'n gesonde en groeiende geloofslewe. Ons sien uit om te sien hoe dit ontvou by *Origins,* ons eenkantkom-ruimte, geleë in die Krip van die Mensdom.

In 2011 kon daar deur *Invest* die volgende vermag word:

- 'n 50%-betaling kon gemaak word op die koop van *Origins*;
- 'n bidruimte is opgerig (gefinansier deur 'n R1,5m skenking); en
- bates, toerusting en gebruiksgoedere is aangeskaf om die hou van *retreats* by *Origins* moontlik te maak.

Vir die toekoms wonder ons hoe dit kan lyk as –

- ons volle eienaarskap van ons *retreat*-sentrum kan neem;
- as daar 'n monastiese gemeenskap daar gevestig kan word; of
- die geboue by *Origins* opgegradeer kan word om meer mense te verwelkom en eenkantkom-tyd te kan fasiliteer.

Ons het die geleentheid om in die Krip van die Mensdom, ook by óns geesteswortels uit te kom – om stil te word en tyd met die Here te spandeer.

eenkantkom



God se droom vir ons as geloofsgemeenskap is steeds in wording. Sy prentjie vir ons word steeds duideliker, en ons wil verantwoordelike bestuurders wees van wat Hy beplan.

Mosaïek INVEST is die inisiatief wat fondse bestuur en rig om die drome te bereik, in lyn met vyf oogmerke.

daniellestraat, fairland, 2030
posbus 1658, fairland, 2030
t: 011 268 4700
f: 011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

mosaïek

Navrae oor ***INVEST*** kan gerig word aan tiaanw@mosaiek.com of besoek www.mosaiek.com/invest.

Bankbesonderhede
Mosaïek (Invest),
ABSA Cresta, Takkode 516805,
Rekeningnr 01017921688 (Tjek)
Meld asseblief jou lidnommer, voorletters en van.

vir die armes ... vir die gemeenskap ... vir behoeftiges ...

'n **UITwaartse** oogmerk

Ons lewe in 'n wêreld omring deur pyn, lyding en armoede. Deel van die uitleef van ons geloof laat 'n groot deel van die verantwoordelikheid om 'n verskil te maak, op ons skouers.

In 2011 kon daar deur *Invest* die volgende vermag word:

- toerusting is aangekoop vir 'n voedselprojek in Zandspruit; en
- 'n multi-funksionele gemeenskapsentrum-gebou is in KwaNdebele opgerig.

Vir die toekoms wonder ons hoe dit kan lyk as –

- ons met plaaslike laerskole hande sou kon vat om hulle opvoedingsdienste te ondersteun en te bevorder;
- voedselprojekte kan uitbrei na ander informele nedersettings;
- sanitêre geriewe en waterdienste meer toeganglik gemaak kan word;
- gemeenskapsentrums toegerus word om lewens te verander; of
- minder-bevoorregtes begelei word om entrepreneurs te word.

Ons streef daarna om ons missionele roeping meer uit te leef.

vir die mense ... vir die ander ... vir die soekendes ...

'n **UITwaartse** oogmerk

Vir omtrent twee dekades het daar volgehoue groei in die gemeente plaasgevind. Jaarliks is daar nuwe mense wat deel word van die geloofsgemeenskap, en hulle lewens met die waardes wat ons glo die Here ons voor geroep het, in lyn bring.

In 2011 kon daar deur *Invest* die volgende vermag word:

- kuierspasie voor *Café Familia* is uitgebrei;
- addisionele buite-meubels op *Piazza* is aangeskaf om die kuierruimte te vergroot; en
- beligting in die Klipkerk is opgegradeer.

Vir die toekoms wonder ons hoe dit kan lyk as –

- ons kuierspasies daar kan stel wat enige weer kan trotseer;
- ons 'n hoofingang kan oprig wat verwelkomend is; of
- as die bedieningsveld van die gemeente uitbrei.

Ons is oorweldig en baie dankbaar oor die groei-momentum wat ons ervaar. Maar ons beleef ook dat daar 'n groot verantwoordelikheid daarmee gepaard gaan.



vir die kinders ... vir die volgende geslag ... vir die nuwe generasie ...

'n **METwaartse** oogmerk

Die kinders van ons gemeenskap is belangrik. Dit is van belang dat hulle vroeg reeds die rykdom van 'n verhouding met Jesus ontdek en daarin groei.

In 2011 kon daar deur *Invest* die volgende vermag word:

- toerusting is aangeskaf om ons aanddiens-belewenis uit te bou;
- opvoedkundige speelgoed is aangekoop vir die babakamers; en
- 'n kurrikulum is gevestig en opleidingsmateriaal aangeskaf vir die kinderbediening, *Planet J*.

Vir die toekoms wonder ons hoe dit kan lyk as –

- ons tieners in sewe belangrike lewensvaardighede kan toerus vir 'n betekenisvolle lewe, tydens hulle hoërskoolloopbaan; of
- om bedieningstoerusting te kan uitbou om toeganglike, inspirerende en gasvrye ruimtes te skep.

Ons word toevertrou met 'n nuwe generasie en het weekliks die geleentheid om in hulle lewens in te bou en 'n verskil te maak. Ons het die kans om verhoudings wat 'n leeftyd kan duur, en waardes wat die fondament van 'n ewigheid kan uitmaak, te vorm.